

*Rafaël red etlike Grieke*

**82** Cyrenius span tevergeefs sy oë in, maar hy sien geen skip nie. Ewe-so verg dit **Markus**, met onder andere baie skerpsienende oë en sien die skepe die grootte van drie muggies op die see vaar en sê dan: "Meester! Met 'n gunstige wind sal hulle eers oor 'n uur of twee aan hierdie oewer wees!"

[2] **Ek** sê: "Bekommer julle maar nie daaroor nie, My skipper sal hulle heeltemal op die regte oomblik na die oewer bring!"

[3] Die **dertig jong fariseërs** vra: "Waar en wie is dit, wat dit kan doen?"

[4] **Ek** sê: "Julle ken tog die jong opvoeder van die pleegseun van Cyrenius? Dit is hy!"

[5] Die **dertig** vra angstig: "Waar lê daar dan 'n skuitjie vir hom klaar?"

[6] Toe sê **Rafaël**: "Dit het ek nie nodig nie!" en op daardie oomblik verdwyn hy. Almal skrik, in die mening dat die jongeling in die water gespring het en nou, soos 'n vis so vinnig, deur die water op die skepe sal afskiet. Want talle het nog nie geweet dat Rafaël eintlik 'n engel en daarom 'n suiwer gees is nie. Talle het hom beskou as die opvoeder van Josoë, terwyl hy maar net die opvoeder van Jarah is. Maar omdat hy hom hier meer met Josoë as met Jarah bemoei, sien talle hom hier aan as 'n jong opvoeder van Josoë.

[7] Maar nog voor die vraestellers werklik na hom kon omkyk, was Rafaël al met die drie taamlike groot skepe by die oewer en staan hy aan boord van die skip waar die vrome Griek hom met sy nog vromer dogter vol verbasing en ontsetting bevind. Want in die eerste plek kom die onbegryplik vinnige landing aan 'n kus wat vir hom heeltemal onbekend is, vir hom soos 'n droom voor, en ten tweede weet hy nie wat hy moet dink van die jong skipper nie en hy kon hom oor hierdie wonderbare verskyning ook geen rekenskap gee nie, want die verandering het te vinnig en te wonderlik verrassend gebeur.

[8] Ook die skippersknegte staan soos standbeelde vol verbasing by hul roeispane en durf dit nie weer in die water te steek nie. Maar na enige oomblikke van groot verbasing en verwondering vra **die Griek** baie eerbiedig aan die jongeling: "Wie is jy, magtig wese? Wie het jou beveel om ons so vinnig na die veilige oewer te bring, en waarom?"

[9] **Rafaël** sê: "Vra nie, maar kyk na die son, wat nou weldra vir 'n paar oomblikke sy ligglans sal verloor! As u op die oop see sou gewees het, dan sou die bose bygeloof van die skippersknegte u saam met u dogter oorboord in die see gewerp het, waarna hulle u saamgebringde skatte onder mekaar sou verdeel

het. Dit het ons groot, goddelike Meester voorsien en daarom het Hy my gestuur om u vinnig te red. U is nou heeltemal in veiligheid, maar tog kan u nog onaangename dinge te wagte wees, en daarom moet ek gedurende die duistere gebeure by u op die skip bly, omdat u andersins nog baie ongemak van die ruwe skippersknegte sou kon ondervind. "

[10] Die Griek kyk nou na die son en merk tot ontsetting van homself en sy dogter dat daar van die son nog maar net 'n baie smal randjie oorgebly het. Hy staan van sy sitplek af op en donder 'n vloek omhoog na die draak, wat die son nou heeltemal dreig te verslind.

[11] Dit was by taamlik baie heidene van Klein-Asië 'n vrome gebruik om, tydens 'n sonsverduistering, 'n aantal van die grootste vloeke na die slegte draak omhoog te stuur, sodat hy daarvan sou skrik en die verslinder son weer sou uitspoeg, waarop hy dan weer verder lig kon gee. Maar nog voordat die oue klaar was met sy vrome vloeke, word die son heeltemal deur die maan bedek.

[12] Toe ontstaan daar 'n onverwagte, wilde gehuil onder die skippersknegte, maar ook aan die oewer by die Romeinse soldate, en die skippersknegte, wat byna buite hulleself van angs word, stort hulle op die Griek en wil hom met sy dogter en Rafaël in die see gooi, want hulle gee hierdie drie die skuld van hierdie verskriklike gesel van die gode en wil hulle daardeur versoen. Maar Rafaël tel al die skippersknegte uit die skepe op en plaas hulle aan land; die ergstes werp hy egter in die see, en hulle het as geoefende swemmers groot moeite om taamlik ver onderkant die skepe heeltemal uitgeput die land te bereik.

#### *Die gevolge van die sonsverduistering*

**83** Tydens hierdie konsternasie breek die son weer deur vanagter die anderkant van die maan, en die ou opgewektheid kom weer terug in die harte van alle aanwesiges; slegs Cyrenius en ook Julius het tydens die hele verduistering volkome rustig langs My bly staan.

[2] Selfs My leerlinge het ietwat onrustig geword, en Jarah en Josoë het haastig in My skip wat aan die oewer gelê het, gespring en het gebewe van angs. Maar hul angs was meer 'n gevolg van die wilde gehuil van die skippersknegte as van die duisternis. Want Jarah en Josoë het baie goed geweet waardeur 'n sonsverduistering ontstaan, maar hulle was nie op die wilde gehuil voorbereid nie en daarom het hulle in groot angs op My skip gespring en dring hulle daar so dig moontlik teen My aan.

Maar Cyrenius en Julius het intussen die mooi winterse sterrebeelde geniet, wat hulle nog nooit in die somer gesien het nie.

[3] Stadig maar seker word dit steeds ligter, en die ou blymoedigheid neem weer besit van die ontstelde harte van die mense, en die skippers-knegte keer weer terug na hul drie skepe en vra die jongeling om vergifnis omdat hulle hom voorheen so hard bygedam het.

[4] Ook vir die Griek vra hulle om vergewing en die Griek sê: "Wat die geloof voorskryf, moet iemand doen as hy vir homself geen wyser teenargumente het nie. Maar van nou af moet julle geloof meer ontwikkel, dan sal julle insien dat die verhewe gode sekerlik geen mense-offers uit ons hande verlang nie, omdat hulle self tallose middele in hand het om na willekeur honderdduisende mense van hierdie aarde weg te neem."

[5] Die skeepslui aanvaar hierdie les van ons Griek en belowe dat hulle in die toekoms by 'n soortgelyke verskynsel sy wyse les volledig in gedagte sal hou en daarin sal bly. Toe vra die skippersknegte aan die Griek of hy nou sy reis verder wil voortsit of dat hy dink om hier te bly.

[6] Maar **die Griek** sê: "Sien julle dan nie hierdie magtige jongman nie?! Hy het my gehelp en gered uit julle blinde geloofswoede; die lewe van my en van my enigste dogter is ek aan hom verskuldig. Hy alleen is nou my gebieder, en wat hy sal sê, sal ek ook doen. Sonder sy woord en sy wil sal ek, al duur dit ook tien jaar, geen tree verder reis nie!

[7] Bowendien sê 'n goeie, innerlike stem vir my dat ek op hierdie onaansienlike plek nou reeds meer gevind het as in die hele Jerusalem. Daarom bly ek hier. Ek sal nou met die opsigter van hierdie plek bespreek of ek hier kan bly. As dit hier te doen is, laat ek dadelik my lasdiere na die oewer bring en vervolgens al my saamgebringde skatte, en julle kan dan julle skepe weer laat gaan."

[8] Gedurende hierdie gesprek het Ek, Cyrenius, Julius, Markus, die ou opsigter, Jarah en Josoë al op die skip aangekom waar die Griek hom bevind het, en **Markus** spreek hom dadelik aan en sê: "Vriend! Jy sien, dat 'n eerlike gasheer nooit gebrek het aan gaste nie. Kyk, ek is die gasheer van hierdie plek en huisves in my klein hut en in my tente al die goeie gaste wat jy hier sien, maar vir jou is daar ook nog plek as jy hier wil bly!"

[9] **Die Griek** sê baie vriendelik: "Vriend, ek het slegs 'n reghoekige plekkie van dertig treë in die lengte en tien in die breedte nodig. Daar laat ek dadelik my drie goeie en kosbare tente deur my meegenome bediendes opstel, en meer het ek nie nodig nie. Want spys en drank het ek in groot hoeveelhede by my en ek besit baie goud en silwer om nog meer te koop, as die meegenome mag

opraak. Ook het ek voer vir my lasdiere en op die wyse is ek dus goed voorsien van al die nodige. Slegs 'n plek om dit alles onder dak te bring het ek nie en dit sal ek dus vir enige tyd van jou huur. Wat verlang jy per dag vir die gevraagde ruimte?"

[10] **Markus** antwoord baie vriendelik: "Ek weet dat alles altyd presies by julle Grieke bereken word, maar by ons Romeine en by die beter Judeërs is dit geen gewoonte nie. Jy kan hier bly solank jy maar wil, en daar sal niks anders van jou gevra word as jou egte en opregte vriendskap nie. As jy daarbenevens iets wil doen vir 'n arm, hierheen verdwaalde mens, dan sal dit sonder rekening aan jou goed-dunke oorgelaat word. Laat dus maar uitpak en maak dit vir jou so gerieflik soos in 'n huis in jou eie stad, want solank as wat jy hier wil bly, staan jou nie slegs jou gevraagde stukkie grond nie, maar my hele nie so geringe stuk grond ter beskikking en op my tafels sal daar ook vir jou gedek wees! - Sê vir my of jy daarmee tevrede is!"

[11] **Die Griek** sê: "Ja, vriend, daarmee beskaam jy my, en ek bevind my nou in 'n groot verleentheid as ek jou groot, baie onbaatsugtige vriendskap in 'n sekere sin met niks kan vergeld nie, en ek sal dit nouliks waag om gebruik te maak van jou waaragtige grootmoedigheid!"

[12] **Markus** sê: "Vriend, jou vriendskap sal tog meer werd wees as alle groot, aardse skatte wat jy by jou het en wat ek nie nodig het nie, omdat ek nou miskien nog groter het as jy, maar nie soseer stoflik nie, dan wel geestelik!"

[13] **Die Griek** sê: "Dan het jy dus lankal die Een, wat ek en my dogter reeds lank tevergeefs in alle uithoeke van die aarde soek?"

[14] **Markus** sê: "Wat die hele aarde en alle sterre en die son en die maan jou tans nie kan gee en ook geen tempel en geen orakel nie, dit sal jy hier op hierdie plekkie vind. Laat dus maar dadelik uitpak, want jy is nou al op die goeie plek!"

[15] Die Griek beveel nou dadelik sy veertien dienaars om aan die werk te spring.